BEELD
Thursday, 25 March 2010, p. 25

‘Staat moet ingryp in mensehandel’

Fanie van Rooyen

Mensehandel in Suid-Afrika is ’n “baie ernstige probleem” wat dringende ingryping op verskeie vlakke noodsaak.

Dit is die bevinding in ’n nuwe verslag wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) saamgestel en vandeesweek op ’n konferensie oor mensehandel van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) bekendgemaak is.

In dié verslag, getiteld “Tsireledzani: Understanding the Dimensions of Human Trafficking in Southern Africa”, word Suid-Afrika as ’n “eindbestemmingland” beskryf omdat talle vroue, meisies en jong seuns van oor die wêreld hierheen gesmokkel word om as prostitute, dwangarbeiders, misdadigers of dwelmsmokkelaars in veral die land se groot stede te werk.

Me. Ina van der Linde, ’n RGN-woordvoerder, het gister gesê die regering moet dringend ingryp om mensehandel stop te sit.

“Die slagoffers van mensehandel in Suid-Afrika is meestal vroue, meisies en jong seuns wat uit ander lande of uit afgeleë gebiede in Suid-Afrika ontvoer of onder valse voorwendsels uitgelok en vir allerlei onwettige aktiwiteite misbruik word.”

Korrupte beamptes by grensposte en lughawens wat mensehandelaars omkoop om mense onwettig die land in te bring is as ’n groot probleem uitgelig.